

KAAP DIE GOEIE HOOP AAN DIE BEGIN VAN DIE 18 DE EEU

DAGVERHAAL

VAN LUITENANT KAJE JESSE SLOTSBOO,

BYGEHOU TYDENS DIE EKSPEDISIE

NA DIE

GROOT-NAMAKWAS

1712

P.L. SCHOLTZ, M.A., D.LITT.ET PHIL.

Uitgegee deur die skrywer: Sewende Laan 21, Bellville, 7530

2002

INHOUD

ILLUSTRASIES	i
AFKORTINGS WAT AANGEVUL IS	ii
VOORWOORD	v
1. HISTORIESE AGTERGROND	1
1.1 Verwysings.....	5
2. DIE DAGVERHAAL	7
2.1 Aanhef en opdrag.....	7
2.2 Dagingkrywings : 13 Oktober 1712-22 November 1712....	8
2.3 Verklarende aantekeninge.....	
2.4 Verklarende woordelys.....	46
3. BYLAES	
3.1 Jordaan-Esterhuyse, 20 Mei 1977.....	51
3.2 Kaje Jesse Slotsboo (1668(?) – 1726) biografiese besonderhede	52
3.3 Resolusie van die Politieke Raad 11 Oktober 1712	54
3.4 Instructiën – Luijtenant, 11 Oktober 1712	57
3.5 Skrywe aan Landdros Mulder en die Burgeroffisiere	60
3.6 Mulder – Helot, 13 Oktober 1712.....	62
3.7 Die Bachelijplaats-ooreenkoms, 3 November 1712	63
3.8 Luitenant Slotsboo se verslag vanaf die ongelukkige Vallei, 3 November 1712.....	65
3.9 Verklaring van Jacobus Overneij	67
3.10 Verklaring van Harmanus van den Bergh en Matthijs van den Bergh	69
3.11 Verklaring van Jan Lambertzon	71
BRONNELYS	72
REGISTER	75

Geset in Times Roman 10 pt. Deur mev. M.D. Scholtz

Gebind deur

ISBN 0-620-28974-0

Alle kopieregte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie werk mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende plaat- of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie. Redelike aanhalings vir navorsingsdoeleindes sal aanvaarbaar wees.



ILLUSTRASIES

KAAP DIE GOEIE HOOP AAN DIE BEGIN VAN DIE 18 DE EEU.....	Titelplaat
1. ROETEKAAART : KAAP DE GOEDE HOOP 1660 – 1712	Tussen bladsye 72-73
2. DIE BERGHFONTEIJN-INSKRIPSIE EN DIE GESONKE FONTEIN.....	ditto
3. DIE HEERENLOGEMENT-BERGGROT	ditto
DIE HEERENLOGEMENT-INSKRIPSIES.....	ditto
4. COMPAGNIESDRIFT (OLIFANTSRIVIER) ALIAS BOONTJIEGATDRIF.....	ditto
5. SONQUAS-BACKELEIJPLAATS.....	ditto
6. MATZIKAMMA.....	ditto

AFKORTINGS WAT AANGEVUL IS

a	tot (bv. 7 a 8)
agtbn.	agtba(a)ren
bZ	bv. sijlbZ = sijlieden
caps.	capteijns
comp.	Compagnie; companië
corp(s).	corporael(s)
depost.	deposant
do.	dit(t)o
dubbt.	dubbeltje
E.; Eds.	Edele(s)
enz.	enzovoorts
gecommtt.	gecommitteerdens
gemt.	gemelte
gen(t).	genoemde; genaemt(e); genoemt(e)
jo.; jge.	Jongste
lb.	libra (pond)
meergem.	meergemelte
mitsgrs.	mitsgaeders;
mons.	monseigneur
mr.	meester; mijster
N.	noord(t)
N.B.	Nota Bene
O.	oost
ose.	onse(n)
ps.	pees (=stuk)
recqe.	recqueninge(n)
	ver-(bv. <u>ver</u> lost; <u>ver</u> -laaten)
&(a).	ensovoorts; et cetera
S.	suid
secret.	secretaris; secretarije
schell.	schellingh
sergt.	sergeant
Snte.	Sinte
soldt.	soldaet
sijl. ;	sijlieden; sijluiden
tamboer	tamboerslaner
u.	uuren
U&; U Ed.	U Edele

U.L.	U Lieden
Ulto	ultimo (=laaste dag van die maand)
v.	van; versus
voormt.	voormelte; voornoemte
vrijl.	vrijlieden; vrijluiden
vr.	ver en ver-
w.	wes
Z	teken waarmee afgekort is. (Bv. voorsZ=voorseijde);

VOORWOORD

Enige jare gelede onderwyl skrywer navorsing vir ‘n graad gedoen het, is daar naartoe gesoek na luitenant Kaij Jesse Slotsboo se 1712-dagverhaal. In die Kaapse staatsargief berus verskeie vroeg- agtiende-eeuse dokumente wat pertinent na Slotsboo se kommando-ekspedisie verwys. Dié Slotsbookommando het in Oktober 1712 inderhaas na die Olifantsrivier in die noorde vertrek om teen die beweerde vyandige Groot-Namakwas op te ruk. Ondanks onvermoeide pogings kon die Slotsboo-joernaal van die reis nie teruggevind word nie, en moes teen wil en dank aanvaar word dat dit verlore geraak het, of allig nooit bestaan het nie.

Toe die saak by geleentheid met dr. Anna Böeseken bespreek is – sy was indertyd besig om die resolusies van die Politiek Raad te redigeer – het sy aan die hand gedoen dat die onderhawige dokument by die Ryksargief in Nederland aangevra word. Maar ook dié poging het op niks uitgeloop.

Etlike jare later is toevallig met prof. R. Elphick van die Verenigde State van Amerika in die Kaapse argief kennis gemaak. Tydens ‘n gesprek met die professor – hy het vroeër uitvoerig navorsing oor Suid-Afrikaanse geskiedenis in Nederland gedoen – het hy terloops na die Slotsbooreisjoernaal in die Ryksargief verwys. In die lig van hierdie nuwe inligting is die Direkteur van Argiewe in Pretoria genader ten einde die betrokke dokument vir die Suid-Afrikaanse argief te bekom. Die Direkteur het dit goedgevind om die S.A. Ambassade in Nederland oor die aangeleentheid te nader. Soos dit uit die skrywe van die Hoof van die Kultuuraangeleentheid (S.A.Ambassade) blyk (BYLAE no.3.1), “kon (hulle) egter niks vind nie.” Die Direkteur het agterna in ‘n skrywe (in skrywer se besit) self ook “gewonder of die Hollanders wel baie moeite gedoen het.”

Senior argiefpersoneel in Kaapstad het destyds geglo dat die saak politieke ondertone gehad het, veral in die lig van die feit dat Suid-Afrika en Nederland mekaar in daar die stadium nie altyd op politieke en kulturele vlak kon vind nie.

Kort hierna het ‘n Geskiedenis-student van die Universiteit van Wes-Kaapland ‘n studiebeurs ontvang om in Nederland navorsing te doen. Voor sy vertrek is hy terloops gevra om die Slotsboo-joernaal op te spoor en terug te bring. Ongelooflik soos dit mag klink, het die Ryksargief kort na die student se aankoms laat weet dat ‘n mikrofilm van die Slotsboo-dagverhaal afgestuur sou word, na ontvangs van X (aantal) guldens – beskeie

bedraggie! Die personeel van die Ryksargief het glo gemeen dat daar vroeër op die verkeerde plek gesoek is. Na ontvangs van die mikrofilm is die dokument getranskribeer, maar vanweë private opdragte en ander verpligtinge is dit nie persklaar gemaak nie.

Anders as wat normaalweg die gebruik is, is die Slotsboo-manuskrip feitlik verbatim getranskribeer. Slegs enkele geringe redigerings en “regstellings” is aangebring: Eerstens is alle eiename, plekname en die name van liggame met beginhoofletters (en meestal vas) geskryf. Alternatiewe spelvorme is onveranderd gelaat; derhalwe kom vorme soos wagen en waagen, Drakenstyn en Draakensteijn en dergelike meer dikwels voor. Voorts is die paragrafering, interpunksie en sinskonstruksies ewe-eens onveranderd gelaat; slegs in enkele uitsonderlike gevalle is ‘n addisionele leesteken ingevoeg om die lesing vir die waarskynlike leser te vergemaklik. Verder is die groot aantal afkortings in die teks (en die bylaes) stilswyend aangevul om eweens die leeswerk te fasiliteer. Vorme soos Hendrk, Hottent en Decembr is spontaan voluit geskryf; slegs enkele vorme soos ‘s, ‘t en d’ is behou omdat hulle geen leesprobleem inhou nie. Enkele gevalle van spelglipse is wel verbeter, maar dan is die verbetering tussen hakies aangedui: ve(r)trocken en mo(e)sten.

Noodsaaklike voetnote (aantekeninge) by die joernaaltekste is aan die einde van die manuskrip bygevoeg. Begryplikerwys sal ‘n vroeg-agtiende-eeuse geskrif woordvorme bevat wat aan die gewone leser onbekend is; derhalwe is ‘n volledige lys verklarings aangeheg. Die register aan die einde behoort naslaanwerk te vergemaklik.

Die Slotsboo-ekspedisie het ongetwyfeld historiese betekenis in die Suid-Afrikaanse opset: Enersyds, omdat dit tot in daardie stadium (1712) sonder meer een van die grootste gesamentlike kommando’s in die sestigjarige bestaan van die Kaap die Goeie Hoop was. Die Slotsbookommando het bestaan uit beroepsoldate van die Kaapse garnisoen, burgers van die Kaapse, Stellenbosse en Drakensteinse distrik, asook ‘n sestigtal lojale Hottentot (Khoi)-krygers wat uit eie vrye wil aangesluit het. Kort om, ‘n formidabele en goedtoegeruste militêre mag van 181 koppe. Verstaanbaar dat dit ‘n baie duur onderneming van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) geword het, en dat reuse-voorrade – ammunisie, slagvee, rys, brood (beskuit), drank (arak en brandewyn) krale en tabak – tydens die tog uitgedeel moes word. Geen wonder nie dat die joernaal insiggewende besonderhede verstrek ten opsigte van die vroeg-agtiende-eeuse militêre gebruike, organisasie,

strategie, dissipline en onderlinge samewerking. Les bes, word verhelderende inligting verskaf aangaande die sensitiewe veeruilkwessie en natuurlik die onderlinge verhouding tussen die blankes, Hottentotte (Khoi), Boesmans (San) en die Namakwas.

Ten slotte bly die ervarings van die kommando, die byna bomenslike ontberings deur die onbegaanbare Sandveld en die ongelooflike uithouvermoë en lojaliteit van die burgers, soldate en Hottentotte, 'n onbesonge, epiese relaas uit die vroeë Kaapse geskiedenis. Ironies genoeg, was die Slotsboo-ekspedisie – in die Algemene Geskiedenis is daar verskeie, vergelykbare voorbeelde – 'n durabele en nodelose avontuur.

By wyse van afsluiting: Die navorser word getref deur die netjiese en kladvrye skoonskrif van die Slotsboo-joernaal. Dit is onwaarskynlik dat dié dokument tydens die kommandotrek geskryf is; daarvoor was die reis te stormagtig en ongerieflik. Dit wil veeleer voorkom of dié netjiese dokument (in die eerste persoon geskryf) 'n diktaat van Slotsboo was, moontlik geskryf na sy terugkeer na die Kaap. (Hy sou stellig daagliks saaklike aantekeninge van die reis bygehou het. Interessant ook dat die twee dokumente wat tydens die tog opgestel kon gewees het, t.w. die Bakleiplaas- en die Ongelukkige Valleidokument, nie deur die skrywer van die Slotsboodagverhaal geskryf is nie. Moontlik is dié twee genoemde dokumente, wat in die Kaapse argief berus, afskrifte van die oorspronklikes; daarom dat die enerse handtekening op die Bakleiplaas-ooreenkoms die handskrif van die skrywer van beide dokumente is.

By 'n finale beoordeling is dit duidelik dat, ondanks swak formulering en 'n gebrekkige kennis van spelling, interpunksie en paragrafering, die Slotsboodagverhaal 'n insiggewende, vroegagiende-eeuse, historiese dokument is.

Skrywer betuig graag sy dank en waardering jeens die personeellede van die Staatsargief (Kaapstad), die Nasionale Biblioteek (Kaapstad), die Kasteel-Biblioteek (Kaapstad), die Universiteitsbiblioteek (Stellenbosch) en die Stadsbiblioteek (Bellville). 'n Besondere woord van dank en waardering ook aan drs. Con de Wet, S. Huigen, M. Strydom, mnr. Fanie Nieuwoudt, mev. Hannie van Zyl en mev. Hanna Botha vir inligting wat vir hierdie studie onontbeerlik was.

DIE SKRYWER

BELLVILLE
JANUARIE 2002

1. HISTORIESE AGTERGROND

Vroeg in Oktober 1712 ontvang die Kaapse owerheid onrusbarende berigte wat daarop dui dat veglustige Groot-Namakwas noord van die Olifantsrivier voornemens was om die blanke veeboere en sekere Grigriekwa-Hottentotte (Khoi) in die Piketberg-omgewing te beroof en te verjaag.

Die Politieke Raad het die aangeleentheid in 'n baie ernstige lig beskou en die saak onverwyld tydens 'n gewone raadsvergadering op Dinsdag, 11 Oktober 1712, bespreek.¹ Die Raad se vernaamste inligtingsbron was die skrywe van die kneg van Willem ten Damme, 'n voormalige opperchirurgyn (wondheelmeester) en vertroueling van goewerneur W.A. van der Stel. Hy het sedert April 1712 die vergunning gehad om die leningsplaas “T Klijgat of Sungascloff” (naby Piketberg) vir sy kuddes te gebruik.² Wat Willem ten Damme se kneg berig het, was inderdaad onstellende nuus: Want tussen 4000 en 5000 wraaksugtige Groot-Namakwas was glo in aantog na die suide. Die voorhoede het na bewering reeds tot aan die Olifantsrivier (Tarrakamma) gevorder waar “enige Bossiesmans Hottentots met hunne vrouwen en kinderen gemassacreert” is.³

Die Groot-Namakwas het ook by geleentheid gedreig, aldus bevriende Boesmans (San), om sodra die vol Olifantsrivier veilig oorgesteek kon word, na die Piketberg op te ruk om die “Duijtse” (blankes) en sekere Hottentotkapteins (vriende van die Kompanjie) te beroof en te molesteer.

Jacobus Overnej, 'n veeboer, wat sedert 1709 die leningsplaas “Aan de Crommerivier”⁴, ten oosten van die Piketberg, op lening gehad het, het die onrusbarende berigte van bevriende Boesmans (San) verneem. Die gevolg was dat hy en verskeie Hottentot-kapteins van die omgewing hul woonplekke verlaat het, met hul vee en besittings die Bergrivier oorgesteek en in die rigting van die Swartland beweeg het.⁵ Maar ook ander veeboere van die Piketberg-omgewing het van “schrik en vrees” hul plase verlaat, aldus die berig wat Matthijs van den Bergh uit Piketberg na die Kaap gestuur het.⁶

Van nader beskou, wil dit voorkom of dit juis Overnej se handel en wandel was wat aanleiding gegee het tot dié gewraakte uitstrooisels wat die gemoedere gaande gemaak het. Dit blyk dat Overnej etlike maande vantevore saam met drie Hottentotte in 'n wa tot oor die Olifantsrivier gereis het om olifantstande by die “Bossiesmans van de Klijne Amacquas” te ruil.

Nadat die transaksie beklank was, wou Overnej glo ook vyf verse van die Boesmans ruil, wat nie moontlik was nie daar die diere na bewering aan die Groot-Namakwas behoort het. Daarop het Overnej glo die verse met geweld by die Boesmans afgeneem en by sy kudde gevoeg. Of die gerugte aangaande die dreigende houding van die Groot-Namakwas deur bevriende Boesmans na die Piketberg gebring is, en of dit straks 'n fabriek van 'n vreesbevange Overnej was, is nie duidelik nie. Wat feitlik seker is, is dat gerugte dit wou hê dat die Groot-Namakwas wraak op Overnej, die blankes en sekere bevriende Hottentot-krale gesweer het. Hulle was van voorneme om hul beweerde verliese by die eerste die beste geleentheid goed te maak.⁷

Uit die notule van die Politieke Raadsvergadering van 11 Oktober 1712 blyk dit duidelik dat die verhouding tussen die Groot-Namakwas en die blankes aan die begin van die agtiende eeu nie baie hartlik was nie. Die sekretaris van die Politieke Raad, Pieter de Meijer, het onder meer beweer dat daar met die Namakwas nog nooit tot "eenigh onderlingh goed verstand" geraak kon word nie. Daarom verbaas dit nie dat daar besluit is om, ter beveiliging van die "goede ingeseetenen" van die Piketberg, die invallers met 'n kommando van 100 berede soldate en burgers tegemoet te gaan.⁸ Die kommando sou aangevoer word deur die hoogegeagte en bekwame luitenant Kaje Jesse Slotsboo van die Kaapse garnisoen,⁹ bygestaan deur burgeroffisiere en landdros Johannes Mulder van Stellenbosch.

Indien die kommando sou bevind dat die blankes en ander se vee reeds in die Piketberg-omgewing geroof is, of dat die mense gemolesteer is, moes die "roofvogels" opgespoor en die gesteelde vee afgeneem word. Luitenant Slotsboo se instruksies gaan verder omdat dit duidelik gestel is dat indien die omstandighede dit vereis, daar tot geweld oorgegaan kon word. Andersins moes sake in der minne gereël word, en die Namakwas diplomatie oorreed word om na hul land terug te keer, in welke geval hulle op die Kompanjie se "vrintschap en protectie" kon reken. Indien die Namakwas nie tot rus en vrede oorgehaal kon word nie, moes die leiers aangekeer en na die Kaap gebring word.¹⁰

Soos reeds gemeld, moes landdros Mulder die kontingent vergesel sodat luitenant Slotsboo kon staatmaak op die steun, leiding en advies van 'n senior Kompanjiesamptenaar.¹¹ Die kommando self moes saamgestel word uit 25 garnisoensoldate, en 25 burgers uit elk van die Kaapse, die Stellenbosse en die Drakensteinse distrik. Uiteindelik het die samestelling van die kommando heel anders daar uitgesien: 40 Kompanjiesamptenare, 26

Kaapse burgers, 24 dragonders en 32 burgers van Stellenbosch en Drakenstein.¹²

Die burgeroffisier van die Kaapse distrik was vaandrig Johannes Laubser; kornet Warnar van den Brink het Stellenbosch verteenwoordig en vaandrig Jacobus de Lange die distrik Drakenstein. Hierdie offisiere sou saam met luitenant Slotsboo en landdros Mulder 'n offisiere-in-rade vorm. Dit was 'n soort ad hoc- Militêre Raad wat deur die Politieke Raad ingestel is om oor "eenige zaak van belang" te besluit.¹³

Terwyl die kommando reeds onderweg was, het vier lojale Hottentot-kapteins en 55 Hottentotte, gewapen met "pijl, boogh en assagajj", by die groep aangesluit. Hulle het onontbeerlike hulp en lofwaardige diens op die veeleisende tog gelewer.¹⁴ Die kommando het uiteindelik uit 181 koppe bestaan, en was goed voorsien van ag waens, wapens, tente, proviand, ammunisie, snuisterye, tabak en drank (arak en brandewyn).

Soos vooraf bepaal, moes alle offisiere en manskappe teen Saterdag, 15 Oktober 1712, of op die allerlaaste teen Maandag, 17 Oktober, op De Kleine Bos (Dal Josafat), die plaas van heemraad François du Toit, byeenkom. Dit was indertyd 'n bekende plaas, anderkant Ceciliasdrif in die distrik Drakenstein. Vandaar moes die kommando volgens die destydse "krijgsgebruik" ordelik met die kortste pad na die onrusgebied vertrek. Onderweg moes inligting aangaande die vyand ingewin word, sodat dienooreenkomstig gehandel kon word.

Die instruksies van die offisiere maak ten slotte gewag van die reëlins ten opsigte van aangeleenthede soos die gebruik van die ammunisie en proviand, die handhawing van orde en dissipline, besluite van die offisierraad, protokol en breë algemene riglyne.¹⁵

Die kommando wat eers op 17 Oktober gereed was, het na die Vier-en-Twintig Riviere gemarsjeer en van daar noordwaarts deur die Sandveld, 'n wêreld van swaar sand, klipperige hoogtes en ondeurdringbare bosse. Dit was 'n uitgeputte kommando wat op 31 Oktober na 'n uitmergelende tog van nagenoeg 300 kilometer by Kompanjiesdrif in die Olifantsrivier aangekom het. Na die gevaarlike oortog is langs die rivier af beweeg tot by Bakleiplaas, 'n kaal, onherbergsame heuwelrug sonder water en weiding. Soekgeselskappe het hiervandaan die rivier tot by die mond verken op soek na die vyand. Daarna het die Krygsraad die hele situasie in oënskou geneem en eenparig besluit om huis toe te gaan. Die benarde kosposisie, die

vrugtelose gesoekery na die Namakwas en die ontevredenheid onder die burgers het dié besluit genoodsaak.¹⁶ Die kommando het met 'n enkele afwyking feitlik dieselfde roete huis toe gevolg tot by die Ongelukkige Vallei waar Slotsboo 'n verslag oor die ekspedisie opgestel en vooruit Kaap toe gestuur het.¹⁷ Die burgerkommando van Stellenbosch en Drakenstein het toestemming gekry om hiervandaan op eie stoom huis toe te gaan. Die Kaapse kommandodeel het wes van die Piketberg beweeg met die doel om vee by die Hottentot-krale in die Swartland te ruil. Die Kaap is op 22 November na 'n afwesigheid van 40 dae bereik.

Ten slotte, die Overnej-saak: Dié aangeleentheid is op 28 Februarie 1713 in die Politieke Raad te berde gebring, toe dit geblyk het dat Overnej deeglik deur die kommissaris ondervra is om 'n verduideliking te gee van sy optrede wat na bewering dié nodelose ekspedisie van luitenant Slotsboo tot gevolg gehad het. Die fisikaal het al die verklarings van die onderskeie deponente deeglik nagegaan¹⁸ en tot die gevolgtrekking geraak dat Overnej "niet ten quade konde g'imputeert worden." Maar by dieselfde geleentheid is Overnej verbied om met sy vee in die veld rond te swerf. Hy sou egter toegelaat word om na sy plaas aan die Crommerivier terug te keer.¹⁹ Dit wil voorkom of Overnej besluit het om nie van dié vergunning gebruik te maak nie, want 'n maand later het die Raad aan hom verlof gegee om met sy vee "een halv jaar in 't Swarteland te weijden". Die enigste voorwaarde was dat die beoogde weiplek nader omskrywe word, ten einde te verseker dat die bure op generlei wyse benadeel word.²⁰

En daarmee het die gordyn finaal gesak oor 'n futiele, historiese gebeure in die Kaapse geskiedenis


1.1 VERWYSINGS

1. Sien BYLAE no. 3.3, Resolusie van die Politieke Raad, 11.10.1712; BYLAE no. 3.4, Instructiën – Luitenant, 11.10.1712.
2. Sien BYLAE no. 3.11, Verklaring van Jan Lambertzon, 9.12.1712; R.L.R. 1. Oude Wildschutte Boeken, 23.4.1712, p.355.
3. Sien BYLAE no. 3.11, Verklaring van Jan Lambertzon, 9.12.1712; BYLAE no. 3.3., Resolusie van die Politieke Raad, 10.11.1712.
4. R.L.R. 1, Oude Wildschutte Boeken, 22.1.1709, pp. 190 en 329.
5. Sien BYLAE no. 3.5, Skrywe aan Landdros Mulder en burgeroffisiere, 11.10.1712.
BYLAE no.3.3, Resolusie van die Politieke Raad, 11.10.1712.
6. Op. Cit.; BYLAE no. 3. 10, verklaring van Matthijs van den Bergh, Desember 1712.
7. Sien die Dagverhaal, 23 Oktober 1712.
8. Sien BYLAE no. 3.3, Resolusie van die Politieke Raad, 11.10.1712.
9. Sien BYLAE no. 3.2, Kaje Jesse Slotsboo (1668-1726) : Biografiese besonderhede.
10. Sien BYLAE no. 3.4, Instructiën – Luitenant, 11.10.1712.
11. Weens "ongesteldheid" kon landdros Mulder nie die kommando vergesel nie. Die Politieke Raad het Mulder later erg verkwalik dat hy "nog geen kennisse of behoorlijke reedenen gegeven heeft" waarom hy nie saam met die luitenant op die landtog gegaan het nie. A.J. Böeseken, Resolusies van die Politieke Raad, 4, 29.11.1712, p.292; Dagverhaal, voetrn.6.
12. Dagverhaal, 27 Oktober 1712; C. 432, 11, Inkomende Briewe, 1712, p.248. Interessant dat die burgery geneë was om op kommando te gaan. Die vorige maand is daar gekla dat die offisiere en kompanies onwillig was om aan 'n oproeping gehoor te gee. 1/Std, 20/1, Uitgaande Briewe, 6.9.1712.
13. C. 432, 11, Inkomende Stukke, 1712, pp.689 – 690.
14. Op. Cit., p.691; C.432, 11, Inkomende Stukke, 1712, p.248.
15. Sien BYLAE no. 3.4, Instructiën – Luitenant, 11.10.1712.
16. Sien BYLAE 3.7, Die Sonquas-Backelijplaats-ooreenkoms, 3.11.1712.

17. Sien BYLAE no. 3.8, Slotsboo se verslag vanaf die Ongelukkige Vallei, 11.11.1712.
18. Sien BYLAES nos. 3.9, 3.10, en 3.11 vir die verklarings van Jacobus Overnej, Harmanus en Matthijs van den Bergh en Jan Lambertzon, Desember 1712.
19. A.J. Böeseken, Resolusie van die Politieke Raad, 4, 28.2.1713, p.306.
20. Op. Cit., 4, 28.3.1713, p.340.

ILLUSTRASIES

1. ROETEKAART : KAAP DE GOEDE HOOP 1660-1712



2 DIE DAGVERHAAL

2.2 AANHEF EN OPDRAG

Dagh verhaal van den Luytenant Kaij Jessen Slotsbo, Gehouden op zign tocht naar de Vijanden, den Grooten Amacquas aan de Oliphantsrivier ofte over den selven Leggende, met 100 Gewaapende mannen, om den selven aldaar aan te tasten indien dat daar Rooff ofte eenigh quaat aan den Ingesetenen van de Piketbergen gepleight was; en den selven Amacquas voor af te sien in der minnen te disponeren tot de weder om tocht, en tot dien eijnde, dat alles onder sijn Gesagh in Goede ordere magh uijt gevoert worden, is hem toe gevoegt. Als officier en Raaden.

tober 1712)

*Den E. Land. drost Johannes Mulder
vaandrijs Johannes Laubser
Cornet Warnar van den Brink
vaandrijs. Jacobus de Lange*

Dagh verhaal van den Luytenant Kaij Jessen Slotsbo, Gehouden op zign tocht naar de Vijanden, den Grooten Amacquas aan de Oliphantsrivier ofte, over den selven Leggende, met 100 Gewaapende mannen, om den selven aldaar aan te tasten indien dat daar Rooff ofte eenigh quaat aan den Ingesetenen van de Piketbergen gepleight was, en den selven Amacquas voor af te sien in der minnen te disponeren tot de weder om tocht, en tot dien eijnde, dat alles onder sijn Gesagh in Goede ordere magh uijt gevoert werden, is hem toe gevoegt. - Als officiers en Raaden

Den Edele Landdrost Johannes Mulder, vaandrijs Johannes Laubser, cornet Warnar van den Brink vaandrijs Jacobus de Lange

October 1712

2.3 DAGINSKRYWINGS : 13 OKTOBER 1712– 22 NOVEMBER 1712

Donderdags 13 Oktober 1712

Ten 11 Uuren uijt het casteel de Goede Hoop vertrocken, en volgens onse mede gegevene Instrussie naar de versamel plaats over de Berghrivier by monseigneur Du Toit, om aldaar ons met de vrij Ingesetenen en gecommandeerde volkeren te conjongieren, en alsoo verder Gesamentlijk onse mars naar de Oliphantsrivier soo spoedigh als doendelijk is te bevorderen, en zijn niet verder als bij Theunis Verwij¹ Gecoomen, aldaar van dese naght ons quartier genoomen:

Vrijdagh 14 October 1712

'S morgen 6 uuren opgebrooken en gemarsseert tot 12 uuren rondevoe bij Claas Ras aan Joostenbergh² gehouden tot 2 uuren weer ingespannen en verders na Simonsvallij³ gemarsseert en by Matthijs Kruger onse naght quartier genoomen, onse wagens ontpackt, en bevonden dat de aracqs vaaten Leck en onbequaam waaren, dierhalven genootsaakt een nieuwe aam van Matthijs Kruger te Leenen, om aldaar de aracq overtestorten, bevonden uijtgeleckt te zijn 6 a 7 flessen.

Saterdagh 15 October 1712

'S morgens 4 uuren begonnen op te breeken en tot 6 uuren in mars, de Berghrivier aan Sisiliadrift⁴ Gepasseert, maar niet buijten schaaden te Leijden, want dicht aan de Berghrivier in een drift een van onse Osse waagens omslaande, en eenige zacken broot nat geworden en eenige vlessen brandewijn en olie gebrooken, en tot 12 uuren middaghs by Du Tooij⁵ aangecoomen waar de Ordinaire versamel plaats was, en aldaar nogh Geen officieren der burgeren gevonden, onse tenten aldaar opgeslaagen, de wagens ontklaait, het broot gedroogt, en rantsoen aan ons volk, van broot uijt gedeelt, want zij hadden niet te eeten; dan de boeren klaagde, het haar te swaar te zijn zoo veel menschen de kost te kunen geven.

Des aghtermiddaghs zijn de burger; vaandrager van de Caab, Johannes Laubser, den cornet Warnar van den Brink, en vaandrager Jacobus de Lange, van Stellenbosch en Drakenstein, ende also het meeste gedeelte van haar onder hebbende volk met haar bagagie waagens Als (sic) 2 waagens van de Caap, waar van een out en onbequaam en daar van op de wegh alreets een

wiel met een voortangh gebrooken, het welk ons in Grootte verlegentheid braght. 2 wagens van Stellenbosch en Drakenstein op hebbende proviesie in plaats van broot ofte andere toespijse 12 muddens meel en 1 halfhaam brandewijn, soo dat zij Lieden maar slegt met haar proviesie sullen staan, sij hebben aan ons haar beklagh gedaan, dat sij niets hadden om te eeten. Zoo hebben wij aanstonts 2 mudden meel tot broot Laaten backen, die haar nu voor 5 a 6 daagen sullen kunnen dienen tot Rantsoen, zoo dat wij seer verleege met die menschen zijn.

Den Edele Landdrost⁶ heeft ons Gecomplimenteert met een brief van den 15^e October⁷ waar in hij zijn slegten bekennt maakt met bij voegen dat hij niet koomen kan; de officieren van de Caab, Stellenbosch, Draakenstien, ende Sergiants van d' Edele Compagnie doen haar beklagh, dat het volk geene toespijs tot haar broot hadden, Soo is sulx bij ons Gesamentlijk over woogen, dat het volk niet sonder toespijs, met een harde beschuijt konden swaaren marssen doen, en bevint meede niet raatsaam onse proviesie van speck aan te tasten bevooren wij in't velt zijn, daar niet anders te krijgen is, en ons onbewust, hoe en wanneer wij eenige Hottentots kraalen moghten opdoen om voor 't volk wat te ruijlen, dat moogelijk Langh duuren moghte, en ons dan selvs in Grootte verlegentheit soude brengen, dier halven gesamentlijk geresolveert zoo lange wij bij de boeren konnen camperen voor Eijder 25 man 's daaghs 1 haamel en dat 't selve voor een ijders Racqueninge moet betaalt werden, en uijt dien hooffden, 7 haamels van 10 monseigneur Du Tooij ontfangen, en alsoo uijt gedeelt – 2 aan 's Compagnies volk, 1 aan 't Caabse, 2 voo(r) Stellenbosch, en 2 aan die van Drakenstijn zamen 7 pees.

Sondagh 16 October 1712

Officieren benevens al het volk in de wapens getrocken en haar bekennt gemaakt, de ordres van den Edele Heer Gesaghebbber Willem Helot⁸ en den Edele Poletiquen Raat dewelke sij alle belooffden met eijver, vlijt en getrouwheijt na te koomen, daar op gemonstert gelijk als:-

Compagnies Dienaaren:-

1 Luytenant als cheff en präsident
 2 sergianten
 2 corporaals
 1 tamboer
 23 schilden gasten (sic)

1 ondermeester
 1 wagemaker
 7 waggerijders
 3 swarte jongens off slaaven van d'
 Edele Compagnie

41 Koppen

Burgers van de Caab

1 vaandrigh
 1 sargiant
 1 corporaal
 19 schildengasten
 2 waggerijders
 2 Lijders zijn jongens

26 koppen

Lantbouwers van Stelenbosch en Drakenstijn

1 vaandrigh
 2 sergianten
 3 corporaals
 24 gemeene
 2 waggerijders
 32 koppen

Corte Monture Saamen

41 van de Edele Compagnie
 26 van de Caab
 34 dragonders
 32 van Stellenbosch en Draakenstijn

Saamen 123 koppen

Des agtermiddaghs ten 3 uren een brief van d' Edele Landdrost ontfangen, waarin segt morgen te sullen volgen, en dat hij in sijn gesonthijt nu redelijk bevont, en ten 5 uren weer een contra-brief van Colbe⁹ geteijkent, met van

een schielijke overval, van den Landdrost waardoor sijn Edele selffs niet heeft kunnen schrijven waarvan, voormelte Colbe segt oogh Getuijgen te zijn, en om die redenen niet te kunnen dese togt mede doen, wij hebben kruijt en steenen, aan 't volk uijtgedeelt met Recommendatie het selve verliese agt te neemen, op dat zij tot alle tijden dies nodigh zijnde kunnen gereet wesen –

Maandagh 17 October 1712

'S morgens ten 3 uren op Gebrooken en ten 6 uren in staat gebragt, en gemarsseert doende de dragonders en alle die te paart zijn onder commando van d' vaandrigh Laubser den voortogt neemen en sigh neder te slaan, bij d' oude Compagniespost,¹⁰ ofte nu monseigneur Van der Stels post, in 't velt, de vlagh Laaten bijmaaken, aan de voorste waagen van d' Edele Compagnie die de voor Rijdingh hadde, waarop de andere alle moeten volgen, en wij Quct⁺ het corporaal van den trijn en bagagie waagens bujten eenige tegenspoet, als onder weegens een waagen, vast geseeten, en een waagen van de Caab moeten agter laten, die heel onbequaam was en op ordere van den Landdrost een ander geprest van Croonie¹¹ om niet in de togt Qlat⁺ te werden as wij aldaar meede Gecoomen zijn, is mijn aanstonts klagten ingecoomen, dat die te paarde zijnde voor uijt gecommandeert, Raapen, eenige wortelen, en eijeren, van de post, soude genoomen hebben, waarop de hoofd officieren, die de commande hadde van de Avanguardie benevens den wagt meester en surgianten, daarover onderzoek Laaten doen, maar niets gevonden. Haar eerstelijk gesaamentlijk gerecommandert, daarover in 't toekomende Sorge te draagen, dat sulcx niet meer magh Gebeuren, off dat het selve van haar Luijden, als selvs gepleegt, soude afeijschen, waarop beloofd wiert in 't toekomende beetere Sorge te sullen draagen;-

Baas Jan¹² heeft aan ons Gesonden tot present 4 haamels, deselve aanstonts tot rantsoen uijtgegeven als. –

1 aan 'S Compagnies dienaaren
 1 aan de Caabse burgerij
 1 aan de Stellenbosche Lant-bouwers
 1 aan de Draakensteinse Lant-bouwers

Samen 4 pees rantsoen van broot en rijst uijt gegeven

⁺ Kenners is onseker oor hierdie woordvorme en hul betekenis

Dinghsdag 18 October 1712

'S naghts 2 uren de Revellie, laten slaan, om alle klarigheijt te maaken tot de mars; kort daarop de Generaal mars, daar op de tenten afgebrooken, de wagens Gesmeert, op Gelaaden aangespannen en de vlagh over gebragt, op de Caabse waagens die de voor rijdingh hebben moest, de ruijterije haare paarden sadelen en optoomen, ten 3 uren de vergaderingh Laaten slaan, daarop de ruijters te paart, en de soldaaten in volle geweer, en alsoo in volle paraade om te marsseren en ten halff 4 uren de marsch geslaagen en alsoo ons voorbij marsseerde in Goede ordre, als den cornet Van den Brink de Avanguarde om alles te ondecken, vaandrigh De Langen het tweede schadron, en vaandrigh Laubser het derde, en daarop het voet volk onder haare officiren dan volgende de proviesie en bagagie waagens met de vlagh onder gesagh van sergiant Basson met 12 gecommandeerde manschappen, als 3 van Eijder companies en opdat alles in goede ordere dagelijx alsoo geschieden magh blijfft daar selffs present op dat zij alle ordentelijk van 't Leger plaats zign gemarsseert, onder de Vogelvalleije is halte door de Avangaurde gedaan, en aldaar een klijne kraal ondekt, en de baas ofte Hottentot daarvan bij ons Gebragt Genaamt Dimij en daar van een kalff geruijlt voor het volk tot toespijs, daar voor betaalt 1 lb taback, en vorderde onse marsch Langhs de Berghrievier, tot voor bij d' Sonquas doordrift, ¹³ en soo voort tot aan de Klijne Berghrievier ¹⁴ in 't velt onder die post van Jacobus Stijn, waar wij onse campliment neder geslaagen hebben, sijnde een swaaren mars voor 't voet volk en de waagens, door de groote hitte en sant hebben 6 groote uren Geavanceert na dat wij 9 uren onder wegens zijn Geweest. –

Monseigneur Rossauw ¹⁵ met zijn waagen aan ons Gesonden tot present 4 haamels 1 broot en 4 kannen brandewijn, de haamels tot rantsoen aan 't volk als op den 17 de vermeldt staat – ten een uren des middaghs is bij ons gecoomen twe Hottentots captejns, onder de Piketbergen ¹⁶ Jan Blaauw van de Griegriequas, Abba soon en erffgenaam van Plutto, ¹⁷ den eersten doet sijn beklagh dat hij uijt sijn Lant genaamt over de Piekeniersklooff ¹⁸ aan de Oliphantsrievier, ¹⁹ heeft moeten vlugten, uijt hoofden dat hij vrede met d' Edele Compagnie gemaakt had, en daar van de rottingh ²⁰ overgenoomen Gedatteert den 15 de October 1705, waar door hij en zijn volk groote Schaade geleeden heeft, niet alleen tot dese tijt toe heeft moeten vlugten, naar de Piketbergen maar dat de Klijne Amacquas overlanghs zijn vee affgenoomen en alle die zij van de zijne konde krijgen Levendigh de buijk open en de hackscheenen afgesneeden. En hij selffs zijn regter arm daar door verlooren, en in verdere verloopene tijt verscheidene rijzen sijn volk

naar de Caap gesonden om assistentie te versoeken de welke aan hem beright hebben dat sulcx geschieden soude, en is nu altoos selffs genootsaakt zich Caapwaarts te begeeven, om te klaagen, door dat zij alle daagen voor meerdere diergelijke handelinghe Vreesen –

Den tweden capteijn van de Klijne Amacquas, segt het eerste jaar dat hij de rottingh van d' Edele Compagnie ontfangen heeft den Amacquas alle zijn vee afgenoomen heeft, zoodat hij nu door den eersen onder houden wert, en dat daar nogh twe craale off captejns met de Rottinghs van d' Edele Compagnie versien, genaamt Hanibal en Secar heeft moeten verledde maant vlugten naar de Sinte Helenabaaij, en dat de Klijne Amacquas 4 rottinghs van d'Edele Compagnie hadden en dat zij die knopen gesmolten en daarvan arm ringen gemaakt, en om dese klaagens en vlugtende captejns het selve niet hebben willen doen, werden zij soo vervolgt, en dat dieselve Amacquas Geene de minste agtingh voor d' Edele Compagnie heeft, en sullen alles doot slaan wat aldaar bij haar komt, gelijk seggen geschiet te sijn, voor dese regentijt met een Duijtsman die aldaar te paart gecoomen is, en op het sien van haar gevlucht in een vallije met vaderlants riet beset, daar niet uijt konde krijgen, het selve in den brant gestooken en alsoo daar uijt moeste, hem gevat en in Riemen van lit tot Lit Gesneeden, ende alsoo vermoort, en het paart doot gestooken, en eenige tijt te vooren 3 slaaven om 't leeven gebragt, ende alsoo handelen sij met alle die haar voorkoomen, en aan ons versogten dat wij met haar wilde trecken, dat zij dan al haar volk gewaapent, met pijl en boogh en assegaaijen mede soude neemen, en ons aanwijsinge doen waar de Amacquas met haar cralen Leggen over de Oliphantsrievier, sulcx bij ons in overweginge genoomen, en voorsiende geen Hottentots kraalen meer onderweegens hebben, als alleenigh haar om toespijs te kunnen ruijlen voor het volk, en dat daar moogelijk schaars genoegh zijn soude, dierhalven, ten Raade Gevonden, om sergiant Douderstadt met twe ruijters naar de Hooninghergh ²¹ aan de kraalen van Schipio Affricano en sijn onder hebbende kraalen te senden, om met haar schaapen voor onse togt te ruijlen en dat zij daar meede soude bij ons koomen. In't campliment over de 24-Rievieren onder Botmaaspost, ²² zijnde 3 uren van voormelte craal, alwaar zij van ons sullen betaalt en beschonken worden, Rantsoen van rijst, broot araq en 4 schaapen uijtgedeelt als voormelt –

Woensdagh 19 October 1712

Des 's morgens 4 uren Revellie, kort daar op de Generaal mars, vergaderingh en mars geslaagen, en alles geopsERVEERT als in't voorgaande, uijt genoomen vaandrigh De Lange de Avangaurde, en alsoo vervolgens

schadronge wijze Gemarseert daar aan de waagens, van Stellenbosch met de vlagh en vervolgens d'andere, onder commando van den wagtmeester met 12 Gecommandeerde manschap die deselve soude bedecken, en in't passeeren van de 24-Rievieren een waagen om geslaagen, en alles wat overde eene zijde Gepackt was, nat en doorwaatert Gelijk meede twe vaaties kruijt heel en al tot modders, hebbende die selve in de Berghrievier doen uijstorten, na dat men 't behoorlijk laten visiteren en bevonden datter niets bequaam van was, wil hoopen dat het ons in Geen Verlegentheijt brengen sal, onse campliment plaats onder Botmaaspost neder geslaagen en aldaar sergiant Douderstat in te waghden, dewelke des agtermitdagh 7 jonge beesten en 6 schaapen mitsgaaders capteijn Schipio met 10 a 12 Hottentots mede braght raporteerende dat daar nogh wel over de 2000 schaapen in de kraal waaren maar dat sij niet wilde ruijlen, Gevende daar van Redenen, dat sij sich gerust stil hielden en geen quaat doende, en dat zij ook niet quaamen om te klaagen, wenste dat andere vrijluijden dat meede deden, haar daar op vraagden wie deselve waaren die dese onrust verwekte, antwoorde Jacobus Overnij, die nu kortelinghs over de Oliphantsrievier geweest was, en eenige Macquas Bossiesmans haar vee afgenoomen, en door vrees sijn craal verlaaten en in't Swartelant ²³ getrocken, seggende verder, dat hij Overnij een Hottentots craal bij hem heeft, waar onder een Groot Gedeelte van sijn ve is berustende, om niet berugt te weesen van veel ve te hebben, en die kraal trekt overal met hem meede, verders verkreegh met veel moijsje en voorpraatens nogh van capteijn Schipio dat hij nogh 15 schaapen een os koomen liesen, die des anderen daaghs ten Aght uren alhier bij ons koomen soude. Rantsoen van broot, Rijst en 5 schaapen als vooren uijtgedeelt, als mede aracq: aan 't volk. –

Donderdagh 20 October 1712

'S naghts ten 2 uren sergiant Treurniet met het voetvolk voor uijt gesonden naar de campliment-plaats voor bij de post van Jan Willers ²⁴ om niet in de hitte te marsseeren, dan wij waghden tot 's morgens 8 uren om met de voor melte Hottentots re ruijlen, gelijk geschiete is, hebben geruijlt van capteijn Schipio en sijn volk. –

8 jongen beesten 21 schaapen daar voor uijtgeruijlt
8 lb. tabak en 5 bossen koopere kraalen, 9 voor de schaapen 3 tot vereering aan de capteijn en sijn volk, pijpen en 4 kannen Aracq: aan hem en eenige van sijn volk. –

De kneght van Botma heeft aan ons gesonden 1 haamel tot vereeringh, en wij hebben hem overgeleevert een Compagnie paart die siek en seer Gedrukt was en niet meer voort konde met recommandatie in dien het paart weer herstelt wiert het selve aan Stellenbosch aan de Edele Land-drost overtegeven, sal daar het selve wel weer aan d'Edele Compagnies stal koomen, en de ruijlingh ten 9 uren verricht zijnde, de Generaal mars Laaten slaan daar op de vergaderingh en verders de mars, en alsoo in Goede ordre op gebrooken, en gemarsseert, den vaandrigh Laubser d' avangaurde en alsoo vervolgens als voorn vermelt, tot agter de post van Jan Wilders op een kraal onder de Gebergten alwaar wij onse campliment neder sloeg, waar Jan Wilders en Arnout Gildenhuijsen ²⁵ ons ijder 6 schaapen mede Gaven den gehele nagt geregent waar door veel van ons broot nat geworden is, rantsoen van broot, rijst, en aracq: en 4 schaapen uijt gedeelt als voorn, een soldaat sijn voet verstuijt.

Vrijdagh 21 October 1712

Het regen weer nogh continueerde, tot 8 uren begost te bedaaren. Liet de Generaal mars slaan om alles Gereet te maaken tot de mars, tot 9 uren de vergaderingh en daar op de mars, den cornet Van den Brink de avangaurde daar op volgde de vaandrigh De Lange, en dan Laubser, de bagagie wagens onder comando van een Stellenbosche sergiant met 12 Gecommandeerde als voorn, en het voetvolk de arriergaurde en alsoo in goede ordre tot op een oude Hottentots kraal daar de oliphants veel huijs gehouden hebben als door het trappen en veel omgeworpene aarde te sien was, en ons rapporteerde de voorwagten gesien te hebben 18 oliphanten daar van daan vertrekken, dese valije was versien met 3 a 4 fontijnen en Legt 3 uren van de Piketbergen, aldaar koomen campeeren met mooi weer, rantsoen van broot, Rijst, aracq: en 5 schaapen uijtgedeelt, die man sijn voet wat beter, capteijn Schipio van de Hooninghergh met 20 gewaapende Hottentots bij ons Gecoomen, om den optoght naar de Amacquas met ons te doen, haar met pijl, boogh, en assagaaij doen exerceeren, om te sien wat zij doen konden, en daar op haar Leger plaats aangewesen den capteijn met aracq: beschonken en 1 lb. taback gelanght, en aan de 20 ijder een kortum doet 1 lb. tobacq. –

Saterdag 22 October 1712

Mooij weer des 's morgens ten 4 uren de revellie, Generaal mars, vergaderingh, en mars Laaten slaan, vaandrigh De Lange de voortoght, daar op Laubser, en den cornet Van den Brink, de proviesie bagagiewaagens onder commando van 1 sergiant en 12 man, en het voet volk de arriergaurde,

6 paarden des naghts Los Gebrooken, van Stellenbosch en de Caab, Volk daarop uijt Gesonden om deselve op te Soeken, en daar mede bij ons Gecoomen in 't campliment onder de Piketbergen, aan een rievier wel na Lijkende de Dieperievier, ⁺ tussen Arij Kruijsman ²⁶ en een Hottentots kraal van capteijn Blaauw, capteijn Abba en Jackhals alle Griegriecquas, uijt genoomen Abba zijn van de Klijne Amacquas gek(oomen) als voormelt is, en zijnde die klaagen de capteijns daar al voorens van gesproken is, hebben naar lang talmen met haar Geruijlt voor toe spijsse 6 beesten en 22 schaapen, de heele kraal is in ons Leeger Geweest, aan 3 capteijns 3lb. taback en met aracq: beschonken, en voor 6 runder beesten, en 22 schaapen betaalt. –

14 lb tabak

6 bossen koopere kraalen en pijpen

6 kannen aracq:

Des voormiddaghs te 10 uren de vergaderingh Laaten slaan, op Gebrooken, Overnij belooffde mij over 3 weeken aan de Caab te sullen komen, hem daarop Laatende naar hujs gaan, wij vervolgden onse mars Langhs den selve Rievir tot aan den Berghrievier by Meester Willemsdrift, het waater te hoogh konden daar niet door, onse campliment aldaar neergeslaagen, veele varse zeekoespooren gesien. 2 schaapen, geslagt en Rantsoen uijtgedeelte aan broot, Rijst en Aracq: voor 't volk. –

Maandaghs 14 November 1712

Mooij weer halff 4 de Revellie, op Gebrooken en langhs de Berghrievier om een drift te zoeken daar wij passeeren konnen, eijndelijk tot halff 7 aan een drift Gecoomen, daar het volk tot onder de armen moesten gaan, om de wagens en beesten deur te haalen met touwen vast aan de voor beesten, en alsoo met Groote moeijte alles behouden sonder schaaden overgebragt halff 8 weder in mars te rugge, aan en langs de Bergrievier, tot voor bij onse oude campliment, dien dagh niet veel Geavanceert, onse meeste tijt door gebragt met het zoeken den drift en over te koomen voormelte drift Legt 1 uur beneeden de Pikketbergen, al daar ons campliment neder Geslaagen, aan de Bergrievier en alsoo pas 1½ uurs met al ons marseeren, desen dagh geavanceert en onderweegen, geene kraalen meer vernoomen, 3 man met een Hottentot Trouwman, uijt gesonden die koers die wij morgen moesten marsseeren om te sien ofte daar Geen waater off kraalens te sien waaren, maar tegens den avond weer om quaalmen geen waater nogh kraalen vernoomen te hebben, daarop moesten Goet vinden morgen stil te leggen, om weer uijt te senden, om niet met den trijn te Leur om te swerven, 2 schaapen, geslagt en Rantsoen voor 't volk uijt gegeven. –

Dingsdagh 15 November 1712

Mooij weer maar des Agtermiddaghs een sterke wisten wint, des morgens met den dagh corporaal Swartsenburgh met 3 man en 2 Hottentots weer uijt Gesonden, en tegen den avont weer om Gecoomen, rapporteerde een kraal gesien te hebben, ontrent 5 uren van ons campliment suijt oost op, regt in ons pat, en overal kuijlen gevonden, met waater in 't Swarteland, ⁴⁵ rantsoen van Rijst, broot, Aracq: en 2 schaapen Geslagt voor 't volk aan de Hottentots aan kortums1 lb. toeback. –

Woensdaghs 16 November 1712

Voor de middaghs mooi weer, en des middaghs sterk uijt den suijt oost waaijde met den dagh revellie, en met Goede ordre in mars en suijt oost aan Gemarsseert te 10 uren aan twe Hottentots Bossiesmans kraalen van capteijn Coraasj, en Corasijs craal na dat wij 5 uren gemarseert hadden. Ons campliment aldaar, neederslaande slegt waater en wijnig wij voor 't vee.

Capteijn Corasj en twe baasen van de twe Bossiesmans Hottentots craalen genaemt Waaterman en Witteman, bij ons quaamen, met 3 haamels die zij tabeeties hamels noemen, aan haar ijder 1 lb. taback en een pijp Gegeven, soo ook meede een soopie 2 a 3 geschonken en alsoo weer naa haar craalen gegaan, tot morgen vroegh, wanneer zij dan soude koomen Ruijlen, Rantsoen aan broot, Rijst en aracq: 2 schaapen aan ons volk uijt gedeelt, sergiant Douderstat vooruijt Gesonden, met 4 man, Aan een kraal totdat wij morgen zoude aancoomen. –

Donderdaghs 17 November 1712

Mooij weer te 7 uren quaamen voormelte capteijns ende 2 baasen, mede bragten, saamen na la(n)gh talmen, 17 beesten en 61 schaapen, haar daarvoor betaalt. –

17 lb. taback)
 17 bosse koopere kraalen) voor de beesten
 6 flessen aracq:)
 pijpen)
 3lb. taback tot een vereeringh
 En voor 61 schaapen 20 lb. taback

Halff negen van daar Vertrocken suijt oost aan, na de kraal daar ik Douderstat na toe Gesonden hadde 6 Hottentots die bij het vee mede gegaan waaren, uijt de Pikketbergen, afbetaalt met 2 lb. taback en weer om Gesonden, te 11 uren aan die craal van Baas Pieter, Kreupele Jantie en capteijn Ingeman, daar ik sergiant Douderstat sont, met zijn volk, en van haar drie Ruijlde 8 beesten daarvoor betaalt.

8 lb. toeback
 8 bossen koopere kraalen
 1 vles aracq:
 = pijpen

2lb. toeback tot een vereeringh

Van deese craal naamen twe Hottentots mede die ons aan B(aas) Grijskop en capteijn Camcos kraal soude brengen, om aldaar te campeeren, een schoft van Riebeekx Casteel, ⁴⁶ dese schelm se Hottentots mislijden ons, soo lange, dat zij oordeelde dat de kraal vertrockken was gelijk te sien was, tegen den avont als wij daar quaamen, waaren zij vertrockken, omtrent maar 2 uren voor onze komst, als daar ons campliment moesten nederslaan, bij een vallije, daar ontrent 1½ legger karnemelx ofte keijwaater, ⁺ alsoo wit als kar(n)melk in was en wijnigh wij voor het vee, het volk spek gegeven om te braaden in de pan, dan daar was Geen waater om te kooken, naauwlijx soo veel dat zij drinken kunnen en hebben dese twe Hottentots Laaten van dese nacht vleugelen en aan de waagens bij de schiltwagt aan het vuur vast maaken, tot morgen om te hooren of zij niet kloppen, soude, 3 uren voor dagh corporaal Swartsenburgh met een van die Hottentots en 4 man op het spoor na, en bij haar koomende, afvraagen waar om dat zij vertrocken waaren, en off zij niet Genegen waaren met de Edele Compagnie te ruijlen, en van Ja seggen, hij dan met haar ruijlen soude, en met haar en het Geruijlde bij ons coomen, morgen aan Riebeekx Casteel; aan Van der Heijdens post ⁴⁷ dat wij haar aldaar betaalen soude, Broot, Rijst, speck, en aracq: uijtgedeelt aan ons volk.

Vrijdaghs 18 November 1712

Mooij weer op Gebrooken en onse mars regt op Riebeeken Casteel aan. Na Van der Heijdens post aldaar gecoomen, en gecampeert tot 11 uren, na dat wij 6 uren gemarsseert hadden, des agtermiddaghs d' corporaal, en zijn bij hebbende manschap weerom gecoomen, met Camco, Cornelis en Jantie, en 4 @ 5 van zijn craal mede brengende 7 beesten en 13 schaapen, aan hem en zijn volk daar voorbetaalt:

Moontlik word kleijwaater of weijwaater bedoel

7 lb. taback
 7 bos kopere craalen
 7 pijpen
 2 vles aracq:
 4 lb. taback voor de schaapen
 2 lb. ditto tot vereeringh
 1 lb. ditto aan kortums voor die Hottentots die de beesten gedreven hadde.

Aan ons volk Rantsoen van broot, Rijst, Aracq: en Speck verdirs aan 't volk
 3 dousijn stukken pijpen uijtgegeven.

Saterdaghs 19 November 1712

Mooij weer met den dagh Revellie, en halff 6 in volle mars tot aan Burgert Pietersoon post ⁴⁸ aan de Diepe Rievier, 5 groote uren, aldaar Gecampeert, ons volk heel vlau van de hitte. Rantsoen aan Aracq:, Rijst, en broot, 2 schaapen uijt gedeelt. –

Sondaghs 20 November 1712

Mooij weer betroocken Lught, Rust dagh Gehouden voor de menschen en vee Burgert Pietersoon heeft 2 haamels aan 't volk gegeven, en haar met wijn daarbij beschonken, Broot, Rijst en aracq: uijtgedeelt.

Maandagh 21 November 1712

Mooij weer met betrocke Lught. 's morgens te 4 uren in volle mars als in Goede Ordere naar Vissers Hock ⁴⁹ al waar wij des middagh te 11 uren zijn aangecoomen na dat wij 7 uren onderwegh en 5 uren Geavanceert zijn, de Geruijldde beesten, schaapen zijn getelt en overgegeven aan sergiant Douderstat, om deselve te verantwoorden aan den gecommiteerdens aan hem gelaaten voor hem en sijn volk en Hottentots 3 schaapen, Rijst, 2 kannen Aracq: en 2 lb. tabak. –

Blijft nogh tot verantwoordingh 64 groote en klijne beesten, 89 schaapen, onse Laaste Rijst en broot uijt gegeven.

Dingsdagh 22 November 1712

Mooij weer na dat ik aan sergiant Douderstat alles bevoolen hadde, en bij hem gelaaten 1 corporaal, 4 gemeene en 3 Hottentots, zij wij met den dagh

op Gebrooken en alsoo ons met het resterende volk en de bagagie waagens na Cabo waar wij te halff 9 agter het fortres, en aldaar onder 't strijken van de vlagh een salvo laten schieten, en alsoo in 't fortres gemarsseert, nadat wij zijn uijt geweest 40 dagen en hier meede Onse commissie een ijnde neemende.

2.4 VERKLARENDE AANTEKENINGE

1. Hierdie oornagverblyf was stellig in die Tygerberg-omgewing, hoewel dit nie in die dagverhaal genoem word nie. Theunis Verwij het in 1712 ook die vergunning gekry om met sy vee “in die duijnen” (naby Piketberg) te wei. (R.L.R. 1, Oude Wildschutte Boeken, 26.2.1712, p. 342.)
2. Die toekenning van die plaas Joostenbergh aan Claas Ras kon nie in die amptelike stukke teruggevind word nie.
3. Simonsvlei was die praglandgoed van die eertydse, onafhanklike fiskaal, M.Blesius, vertroueling van W.A. van der Stel. Kragtens ‘n Kompanjiesbesluit is dié landgoed in 1707 verkoop. (C.J. Beyers (red.) Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, 111, p.74.) Matthijs Kruger het sedert 1709 ook die plaas “De Langevalleij” (tussen die Paardeberg en Paardiamant) op lening verkry. (R.L.R. 1, Oude Wildchutte Boeken, 4.09.1709, p. 214; 31.10.1710, p. 269.)
4. Ceciliasdrif, ‘n paar honderd meter van die huidige Paarl-stasie, is stellig een van die oudste Bergrivier-driwwe.
5. Francois du Toit was ‘n gerespekteerde heemraad, kerkraadslid en boer van die Drakenstein; en daarby ‘n vurige teenstander van W.A. van der Stel. Sy plase was indertyd “De Kleine Bos” (Dal Josafat), “Soetendal” (Wamakersvallei) en “Over de Limietrivier” (E.H. Raidt (red.), Francois Valentyn, Beschrywing van de Kaap der Goede Hoop ... 1, p.163 en voetnoot; R.L.R. 1, Oude Wildschutte Boeken, 4.3.1711, p. 285.)
6. Johannes Mulder was een van die eerste landdroste van Stellenbosch en het tot 1691 gediën. Daarna was hy ‘n vryburger en het hy op die spogplaas Zorgvliet geboer, maar by verskeie geleenthede het hy vir kort tydperke weer as landdros waargeneem, o.a. van 1711 tot 1712. In Desember is hy weens “negligentien, sloffigheeden en onbehoorlijke tollerantien” uit die Kompanjiesdiens ontslaan. (E.H. Raidt (red.), Francois Valentyn, Beschrywing van de Kaap der Goede Hoop ... (V.R.V. 1, Tweede Reeks), pp 184, 200; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, 3, 12.6.1691, pp. 241 – 242; 4, 29.11.1712, pp. 292 – 295; 10.1.1713, pp 298 – 299.)

7. Landdros Mulder het ook aan goew. Helot geskryf en sy omstandighede verduidelik. (Sien Bylae no.3.6.)
8. Willem Helot het in 1694 as soldaat na die Kaap gekom. Teen 1706 het hy gevorder tot sekretaris van die Politieke Raad en vier jaar later was hy sekunde. Na goewerneur Louis van Assenburgh se dood in 1711 word hy waarnemende goewerneur van die Kaap. (A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad, 4, pp. 250 – 252.)
9. Hierdie drie briewe kon nie teruggevind word nie. Pieter Kolb(e)(n), bekende natuurkundige en skrywer oor die Kaap, het van 1705 tot 1713 aan die Kaap vertoef, terwyl hy studie gemaak het van die Kaapse flora, fauna, klimaat, sterrekunde, geologie en die Hottentotte. Verskeie standaardwerke het uit sy pen verskyn. Sedert 1711 woon hy op Stellenbosch en doen hy sekretariële werk vir die landdros. Dit verklaar waarom hy landdros Mulder se omstandighede aanhangig gemaak het. (C.J. Beyers (red.), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, 111 p. 487.) Die landdros is vanweë sy swak gesondheid van sy missie vrygestel; in sy plek is kornet Warnar van den Brink benoem. (C. 432, II, Inkomende Stukke, 1712, pp. 689 – 690.)
10. Simon van der Stel en sy reisgeselskap het op 30 Augustus 1685 oorgestaan, regoor Riebeeck-Kasteel, op ‘n plek “voorsien met gras en water in oervloet”. (G. Waterhouse, Simon van der Stel’s Journal ..., p.9)
11. Stellig word verwys na óf Estienne Cronier (Olijvenhout) óf Pierre Cronier (Versailles) in die Wamakersvallei. (E.Smit, Die Geskiedenis van Wellington en Distrik, vol. 1, p. 2-2.)
12. Die Hottentot-leier van ‘n ondergeskikte kraal is dikwels as ‘baas’ aangedui.
13. Sonkwasdrif is ‘n bekende drif in die Bergrivier, digteby Hermon. Die naam Sonkwas (=moordenaars, rowers) is die oudste benaming vir die Boesmans, en kom dikwels in die ou Kaapse geskifte voor. (G.S. Nienaber en P.E. Raper, Toponymica Hottentotica, H – Z, pp. 1005 – 1006.)
14. Die Klein-Bergrivier ontspring in die Tulbagh-kom en –kloof en sluit by die Groot-Bergrivier aan, net suid van die Vier-en-Twintig Riviere.

15. Pieter Rossauw (Rousseau), heemraad en kerkraadslid, was die eienaar van die plaas “L’ Arc d’ Orleans” en ‘n tweede aan die Bergrivier, naby die Vier-en-Twintig Riviere. (A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad, 4, p.80 en voetnoot.)
16. Hoewel daar verskeie verklarings vir die pleknaam Piketberg is, word dit vry algemeen aanvaar dat die benaming sedert 1676 in gebruik gekom het. Indertyd was die V.O.C. verplig om ‘n afdeling soldate, oftewel ‘n piket, in die omgewing te stasioneer ten einde teen die weerspanninge Cochoquas onder leiding van hul kaptein Gonnema op te tree. (P.J. Nienaber, Suid-Afrikaanse Pleknaamwoordeboek, pp. 324)
17. Die V.O.C. –amptenare aan die Kaap het dikwels of Hollandse name of name uit die klassieke aan die onderskeie Hottentot-kapteins gegee. Name soos Jantjie, Witteman, Waterman, Scipio, Hannibal, Caesar, Pluto en dergelike meer kom dikwels in die amptelike stukke voor.
18. Die naam Piekenierskloof (“grootte clooff”) word verbind met die Tweede Hottentot-oorlog (1673-1677) toe vaandrig Hieronimus Cruse met ‘n afdeling piekeniers (soldate met pieke) en burgers teen die vyandelike Cochoquas in die Olifantsrivierberge opgetree het. Sedert die begin van die agtiende eeu kom die benaming Piekenierskloof in die amptelike stukke voor. (A.P. Smit, Ons Kerk in die BO-Olifantsrivier, ..., pp. 19-20; A.J. Böeseke, Resolusies van die Politieke Raad, 2, 11.7.1673, pp. 115-116; 4.3.1676, p. 138; E.H. Raidt, Beschrywinge van de Kaap der Goede Hoope, 1, p. 243 en voetnoot.)
19. Die naam Olifantsrivier is ‘n skepping van Jan Danckaert wat in November 1660 met ‘n groep vrywilligers op pad na die Monomotapa was. Hulle het deur die “grootte clooff” gereis en op ‘n noordwaartsstromende rivier afgekom. Op die walle daarvan het tussen 200 en 300 Olifante gewei; derhalwe is die stroom Olifantsrivier genoem. Die Hottentotte het die rivier “Tharrakamma of Ruijge Rivier” genoem. (P.L. Scholtz, Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p.9)
20. Sedert die end van die sewentiende eeu het die Kompanjie dikwels ‘n rottang met ‘n koperknop aan goedgesinde Kaapse Hottentot-kapteins geskenk. Die halfmeter lange rottang wat van Indiese bamboes was,

- het enersyds die gesag van die kaptein erken, maar daarteenoor ook welwillendheid verseker met die oog op die veeruil.
21. Die Honingberg (Heuningberg) is ‘n bekende landteken in die Vier-en-Twintig Riviere-omgewing. Dit word in verskeie reisjournale vermeld, asook by die aantekening van die vroeg-agtiende-eeuse plase.
 22. Steven J. Botma was heemraad van Stellenbosch en woon sedert 1704 op die plaas “Kloovenberg”, naby Riebeeck-Kasteel. Hy laat ook twee ander plase in die Vier-en-Twintig Riviere-omgewing aanteken, t.w. “Klein Valleij” en “De Elsen Valleij.” “Botmaaspost” is stellig na hom genoem. (A.J. Böeseke, Resolusies van die Politieke Raad, 3, 14.8.1706, p. 445; R.L.R. 1, Oude Wilschutte Boeken, p.157; p.357; E.H. Raidt, Francois Valentyn, Beschrywinge van de Kaap der Goede Hoope, 1, p.165 en voetnoot.)
 23. Sedert die begin van die agtiende eeu kom die naam Swartland gereeld voor in amptelike stukke. Indertyd was die betrokke landskap oortrek met renoster- en bakkerbosse wat ‘n swart voorkoms vertoon het en allig vir die oorsprong van die naam verantwoordelik was. (P.J. Nienaber, S.A. Pleknaamwoordeboek, p. 363.)
 24. Jan Willers (Wilders) het sedert 1708 die vergunning gehad om sy vee “onder die Vier en Twintig Riviere en regt onder ‘t Klijn Root Elsenbosch” te laat wei. (R.L.R. 1, Oude Wilschutte Boeken, 21.1.1708, p.177.)
 25. Arnout Gildenhuijs het in 1712 die weilisensie verkry op die plaas “over de Vier en Twintig Rivieren aan de Klipheuvel.” (R.L.R. 1, Oude Wilschutte Boeken, 12.2.1712, p. 339.)
 26. Arnout (Arij) Kruijnsman, heemraad en leier in sy gemeenskap, het etlike jare lank verlof gekry om te “continueeren in de Groen Valleij, beoosten aan de Piketbegen,” vandag Kruismanrivier, enkele kilometer van die huidige Eendekuil. (R.L.R. 1, Oude Wilschutte Boeken, 28.7.1711, p. 303.)
 27. Matthuijs van den Bergh het die plaas “aan die Kelderfonteyn” in 1712 op lening verkry. Hiervandaan het die kommando min of meer dieselfde roete as die huidige Sandveld-spoorlyn gevolg. (R.L.R. 1, Oude Wilschutte Boeken, 2.5.1712, p.360.)

28. Hierdie seekoegat was in die bolope van die Crommerivier (Verlorevalleirivier). Die rivier, wat in die Het Kruis-omgewing ontspring, het by die Hottentotte as die “Quaecomia” bekend gestaan, en by die vroeë reisigers as die “Cleijne Oliphants Rivier”, die “Zeekoe Valleij” en die “Zant Rivier”. Slotsboo het die tragiese gebeure wat hier plaasgevind het, volledig in ‘n brief uiteengesit en dit na die Kaap gestuur (BYLAE no.3.8; E.E. Mossop, Journals of Bergh and Schrijver, V.R.V., no. 12, pp.88, 148; G.S. Nienaber en P.E. Raper, Toponymica Hottentotica, p.991.)
29. Die Langvallei, wat in ‘n groot soutpan by die see doodloop, was van oudsher die natuurlike habitat van inheemse voëlsoorte. Die Hottentotte het die Langvallei “Tythou” genoem, terwyl die Van der Stel-joernaal daarna verwys as die “Oliphants Jagt Valleij” (G.S. Nienaber en P.E. Raper, Toponymica Hottentotica, pp. 1069 – 1070.)
30. Vanaf Langevallei moes die geselskap in ‘n meer noordoostelike rigting beweeg het om via Renosterfontein (naby die Lambertshoekrivier) die Jakkalsrivier in die graafwater-omgewing te bereik. Hiervandaan was dit moontlik om vanaf hoë koppe soos die Wolfberg op die voëlyrke eiland by die huidige Lambertsbaai af te kyk. (E.H. Raidt, Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop ... 1, p.251 en voetnoot; pp. 253, 357, 361 en voetnote.)
31. Dis nie uitgesluit nie dat die kommando die Jakkalsrivier by Kompagniesdrift oorgesteek het, en dat daar noordooswaarts reg op die Olifantsrivier afgepyl is.
32. Op Berghfontejn (“Oloffs Fontejn”) in die Klipfonteinberg het Oloff Bergh sy naam op die massiewe skuins rots met die standhoudende fontein uigekap (November 1682). Landdros Starrenburg wat Klipfonteinberg in 1705 tydens sy veeruiltog aangdoen het, het die plek “Tho koe” genoem. Slotsboo het ewe-eens sy naam by die van Bergh gevoeg by wyse van die gravure K.I. Slosbo 1712. Waarom die t in sy naam weggelaat is, is nie duidelik nie. (G.S. Nienaber en P.E. Raper, Toponymica Hottentotica, p.1026; E.E. Mossop, Journals of Bergh and Schrijver, V.R.V., no.12, p.97 en voetnoot.)
33. Oloff Bergh het hierdie grot in 1682 onderweg na die Koperberg aangedoen en die naby geleë varswaterfontein “Dassen Berghs Fontejn” genoem. Die Van der Stel-inskripsie waarvan Slotsboo

- melding maak, het mettertyd verdwyn, net soos die naam Van der Stels Casteel. Die netjiese inskripsie – K.I. SLOTSBO 1712 – is waarskynlik gedoen deur CASP(ar) HEMERY en I.SERSEIN, twee soldate van die geselskap wat ook hul name in die grot gelaat het. Oor die gebeitelde olifant onder die Hemery-inskripsie kan slegs gegis word. Miskien hou dit verband met die trop olifante wat die soldate onderweg gewaar het. Reeds vanaf die eerste helfte van die agtiende eeu staan die grot bekend as HEERENLOGEMENT. (P.L. Scholtz, Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, Argiefjaarboek 1966, 11, p.18; Heerenlogement en Bergfontein, p.2.)
34. Hierdie melkboom (*ficus cordata*) groei vandag na al die eeue nog welig in die Heerenlogement-grot.
 35. Die korporaal en sy mense het ‘n deurgang bereik, digteby die samevloei van die Olifants- en Doringrivier, ‘n deurdrif wat later as Kompanjiesdrif bekend sou staan. Hierdie drif is tot die helfte van negentiende eeu gebruik, waarna voorkeur gegee is aan die alternatiewe hoofpad aan die oostekant van die olifantsrivier.
 36. Simon van der Stel het in September 1685 “twee seer hooge boomen” op hierdie vallei opgemerk, terwyl Valentyn se landkaart (ca. 1700) die “Hooge Boomen Valleij” aandui. Interessant dat Slotsboo twaalf jaar later slegs “een groote boom” in die grasige vallei noem.) G. Waterhouse, Simon van der Stel’s Journal., p.21; E.H. Raidt, Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop, I, kaart teenoor p. 34.)
 37. Die baardman (*umbrina capensis*) is ‘n baarsagtige stekelvinvis wat in die Olifantsrivier voorgekom het.
 38. Die Slotsboo-kommando moes ongetwyfeld in die huidige Vredendal-omgewing aangekom het. Interessant dat die Slotsboo-joernaal daar geen melding van maak nie, veral uit hoofde van die feit dat dié plek prominent in die Van der Stel-joernaal genoem word. (G. Waterhouse, Simon van der Stel’s Journal ..., pp. 24-26.)
 39. Bakleiplaas verwys na die Grigriekwa-broedertwis uit die jaar 1685. Simon van der Stel het op sy reis na Namakwaland die twistende Grigriekwa-faksies oorgehaal om voortaan “vreedsaam met malkanderen te leeven”. (G. Waterhouse, Simon van der Stel’s Journal ... pp. 24-27.)

40. Die “Haavervallije” word ook in die Van der Stel-joernaal genoem, d.i. die “vlackte” suid van Vredendal waar die wildehaver in September 1685 so ongelooflik welig gegroei het. (G. Waterhouse, Op cit, p.23.)
41. Die kommando het, behalwe dat Berghfontejn nie weer aangedoen is nie, dieselfde roete terug gevolg, tot sover as die Ongelukkige Vallei. Hier het die burgers van Stellenbosch en Drakenstein toestemming gekry om op eie stoom huiswaarts te keer. Ook die Hottentot-kapteins, uitgenome Scipio, is hier afbetaal.
42. Die Kaapse kommando het hierna wes van die Piketberg gereis en later op Riebeeck-Kasteel afgestuur.
43. Willem ten(ter) Damme(rs), ‘n voormalige opperchirurgyn (opperwondheler) was ‘n vertroueling van goewerneur W.A. van der Stel. Hy het van 1709 tot 1711 die vergunning gekry om die plaas “Aan de Piketbergen” te gebruik. Sedert April 1712 het hy die weiregte gehad op die plek “In ‘t Klijgat off Sungcas Cloff” (Piketberg). Dis waarskynlik hierdie plaas wat Slotsboo in sy joernaal vermeld. (R.L.R. 1, Wildschutte Boeken, 29.3.1709, p.196; 20.4.1711, 287; 23.4.1712, p.355; E.H. Raidt, Francois Valentyn, Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope, V.R.V. 1, Tweede Reeks, p.184; V.R.V. 11, p.73 n.)
44. Dis feitlik seker dat die kommando die Boesmansrivier aan die westekant van die Piketberg bereik het. Jacobus Overneij het sedert 1706 verskeie plase naby die Bergrivier op lening verkry, naar sedert 1708 woon hy tussen die Klein-Bergrivier en die Vier- en –Twintig Reviere. Die volgende jaar en etlike jare daarna verkry hy die leningplaas “Aan de Crommerivier”, ten oosten van die Piketberg. Die plaas aan die Boesmanrivier wat hy in November 1712 bewoon het, het hy nie laat aanteken nie. (R.L.R. 1, Oude Wildschutte Boeken, 21.1.1708, p.177; 22.1.1709. p.190; p.329.)
45. As die afstande en die koers gevolg word, dan het die geselskap die huidige Koringberg-Moorreesberg-omgewing bereik.
46. Hierdie kampplek was allig nie ver van die huidige Moorreesburg nie.

47. Jacobus van die heiden (Heijden) (1660 – 1719), heemraad en kerksraadslid van Stellenbosch, was een van die burgerleiers en –skrywers tydens die W.A. van die Stel-stryd. Daarbenewens was hy kommissaris vir kleiner sake, kommissaris vir huweliksake en gekontrakteerde slagter. As welgestelde leier was hy die eienaar van verskeie plase, o.a. ‘n deel van “Vergelegen” wat hy in 1707 aangekoop het en “de post ofte plaats ... omtrent Riebeecks Casteel”. Laasgenoemde was stellig die plaas waarna Slotsboo verwys. (A.J. Böeseken, Resolusies van die Politieke Raad, 3, p.290 en voetnoot; 4, 12.2, 1712, p.256; E.H. Raidt, Francois Valentyn, Beschryvinge van die Kaap der Goede Hoope, V.R.V., Tweede Reeks 1, p.87 en voetnoot; p.164)
48. Die suidwaarts-vloeiende Dieprivier wat in die Riebeeck-Kasteelberge ontspring en o.a. deur die Mosselbank- en die Soutrivier gevoed word, mond uit in die Rietvallei en Tafelbaai. Pietersoon se plaas was enkele kilometers suid van die huidige Malmesbury.
49. Vissershok was in 1712 ‘n Kompanjiespos waar slagvee aangehou en graan geberg is. (A.J. Böeseken, Resolusies van die Politieke Raad, 4, 8.6. 1711, p.228.)

2.4 VERKLARENDE WOORDELYS

A

aam	inhoudsmaat wat gewissel het van 152 tot 160 liter
aanbrengen	voortbring; veroorsaak; beskuldig
accordeert	ooreenkom; akkoord gaan
alsoo	op die manier; aangesien
altemets	dalk; miskien; verseker;; beslis
altoos	altans; altyd
annumereenen	bytel; byreken
aracq apei	rysbrandewyn; soms ook ryswyn
arrierguarde	agterhoede; agtertroepe
assistentie	bystand; ondersteuning
assopieeren)	
assopienent)	geskil bylê; oorreed en paai
assumeeren	aanvaar; toevoeg; aanmatig
avanceert	voortbeweeg
avanguard	voorhoede; voortroepe

B

begosten	begin
belastingh	verswaring; verpligting a.g.v. 'n opdrag
beneemen	ontneem; gevange neem; wegneem
berustende	in bewaring; in besit; daaraan onderworpe
bescheijden	toedeling; akte; grense
beschonken	op sterk drank onthaal, dronk
besettingh	gebied wat beset is; gebied waaroor beheer is
bijmaaken	vasmaak; aanbring
busseltie	rugkussing; heupkussing; busseltjie

C

compliment	militêre kamp; rusplek (vgl. campement= verblyf)
cavallerije	berede soldate; ruitery
centement	mening; standpunt; gevoel
cheff	leier; direkteur; hoofamptenar
communiqueert	in verbinding wees; skakel
compagnie	militêre afdeling onder 'n kaptein
Compagnie	Kompanjie; Vereenigde Oostindische Compagnie
compareeren	saam voor regter verskyn = comparanten;
competenten	bevoeg; geregtig; verantwoordelik

conduits	geleiding; oordraging
confirmeeren	bevestig; bekragtig (soms comfirmment)
confusie	deurmekaarspul; warboel
conjungeeren	byeenbring; vervoeg; verenig
cornet	laagste offisier in die ruitery; kornetblaser
corte monture (montuuro)	omlysting; samevatting

D

deposant (ook deponent)	getuie wat 'n beëdigde verklaring aflê; ook iemand wat iets deponeer of inlê
deposeeren	getuig onder eed; degradeer; deponeer
depositie	verklaring van getuie onder eed; ontslag
devensie	verdediging; verweer (bv. in 'n hof)
devoir	verpligting; inspanning; doelgerigte poging
dienhalven (dierhalven)	daarom; dus; derhalwe
discoreert	diskoers voer; formele mededeling aflê
disponeeren	beskikking tref; reël; besluit; beskik oor
dragonder	bewapende kavalleris
Duijtse	blanke; Hollander
dubbeltje	twee stuiwers of twee pennies

E

en passant	in die verbygaan; terloops
eventueeren	gebeur; jou bes doen; probeer
excusabel	verskoonbaar; vergeefflik
exerceeren	oefen; uitoefen
exponeert	blootê; uitlewer
exponent	vertolker; verteenwoordiger; wegaanwyser

F

feitelikheden	gebeure of omstandighede wat werklik bestaan
---------------	--

G

gaarne	Graag
gearresteert	wat die aandag gekry het; wat geboei het
gekommitteerdens	gevolmagtigdes; lede van 'n benoemde komitee
gecomplimenteerd	begunstig; begroet
geïnsereert	ingevoeg; ingelas

gelanght	verskaf; gegee
gemene	algemene; gewone soldate sonder rang
gemenelyk	gewoonlik; meestal
gemonstert	troepe geïnspekteer
generaal	algemene of algehele (mars)
geordonneert	gelas; vasgestel; ingestel
gepasseert	verbygegaan; oorgeslaan; goedgekeur (bv. 'n wet)
gerepитеert	herhaal; herbevestig
geresolveert	besluit geneem; formeel gedeklaar
guarnisoen	troepe wat 'n fort bewaak; militêre staanplek

H

haamel	gekastreerde skaap
hangen pooten	verskonend; beskamd; hangpootjies
huijlen balken	tjankbalies; huilbalke

I

inparlyk	Eenparig
----------	----------

K

kamillenbloemen	Medeliefieagtige rankplantblomme; gousblomme (?)
kersen	verskeie soorte struik wat soms swartrooi bessies dra
kortelinghs	onlangs; kort gelede
kortum	altesame; kortlys; samevatting
kuntschap	kennis; inligting; feite

L

leegerplaats	laer; kampterrein
limi(e)t	grenslyn; distriksgrens; beperking
lijders	Touleiers
loogen	leuen; lieg

M

manquement	gebrek; fout; moeilikheid
marginе	op die rant; op die kant; in die marge
markeeren	aandui; nie vooruit vorder nie
massac(r)ee(r)t	vermoor; menseslagting veroorsaak
middath	net toe; op dié oomblik
mijster	meester; amptenaar wat verskeie pligte gehad het

minuten	konsepte (bv. van 'n kladnotule)
mitsgaaders	asook; bowendien
mon(d)seigneur	meneer; edele heer
moveerte	lastig val; pla; aanval

N

negeerte	ontken; misken; nie deur gebeure geraak nie
----------	---

O

observatie	waarneming; opmerking
ondecken	kry; vasstel; vind wat bestaan
onthouden	wegstuur van; weerhouding; ophou
ontrent	omtrent
ontwarende	gewaar; bespeur
opperchirurgijn	wondheelmeester, soort eerstehulp
ordinaire	alledaags; gering
ordonnantie	verordening; voorskrif; wet
ordonneeren	verorden; gelas
over jaar en dag	die presiese (bepaalde) tyd
overlanghs	geruime tyd reeds
overval	toeval; weer siek word

P

passabel	passaarbaar; kan deurgekom word; redelik
persisteeen	volhou; volhard; voortduur
posthouer	plaashuurder; plaaseienaar; burgerlike amptenaar
present(s)ie	teenwoordigheid
presentatie	aanbieding
Preses	voorsitter; president
presumatief	veronderstellend; vermoedend; agterdogtig
principelyk	prinsipiël; uit beginsel
pro intrim	in die tussentyd; ondertussen
provisie	voorrade; lewensmiddels; voorbereiding; vorige ooreenkoms; klousule in wet; begeleiding

Q

quaamen	gekomp
quad attestor	waarvan ek die getuie is

R

recolleert	Hersien of vergelyk met die oorspronklike afskrif
------------	---

recommandatie	aanbeveling; voorspraak
recommandeert	aanbeveel; aanprys
rendezvous	afgesproke versamelpunt (saamkomplek)
repliceerden	antwoord; weerlê; teenspreek
requisitie	vereistes; benodigdhede; behoeftes
requireert	vereis; benodig; verlang; kommandeer
responceerde	antwoord, weerlê; antwoord daarop
resterende	oorblywende; restant
resumeeren	opsom; saamvat; oorbegyn na 'n onderbreking
reveille	oggensinjaal; trompetgeklank om soldate te wek
revenentie	Weerwraak
reverseeren	omkeer; nietig verklaar; hersien
rijsen	geval; gebeurlikheid
rinkinken	baljaar; uitbundig te kere gaan

S

schellingh	ses stuiwers
schadron	eskadron; onderdeel van kavallerie
solemneele	plegtig; statig; in volle waarheid
stouter	waaghalsiger; brutaler; gewaagder

T

tabeeties	Tabeejtjies; geskenkdier ter verwelkoming; groete
tamboer	Tamboerslaner
teleur	onsuksesvol; doelloos
toespeijs	toekos by die vleisgereg
trommel	slaginstrument; "drom"
trijn	militêre optog; krygstuig wat in 'n stoet beweeg

U

uintjies graaven met een stuk ijs	uitdrukking wat op spot en veragting dui
-----------------------------------	--


V

vaandrigh; va(a)ndrager	vaandeldraer; onderluitenant
vaderlandsriet	Fluitjiesriet
verdobbelt	Verdubbel
versien	voorsien; voorberei
visiteeren	besoek; ondersoek
Vlugelen	Aanmekaar vleg; vasbind
volk	mense, d.w.s. soldate, burgers en Hottentotte

voormelte	voornoemde; vermeld
vrijlieden (vrijluiden)	vryburgers
W	
wachtmeester	offisier verantwoordelik vir die veiligheid
weshalven	waarom; om watter rede
woestijne	woeste, barre, onherbergsame wêreld

BYLAES

BYLAE 3.1 JORDAAN – ESTERHUYSE, 20 MEI 1977



SOUTH AFRICAN EMBASSY
 CULTURAL SECTION

SUID-AFRIKAANSE AMBASSADE
 AFDELING KULTUR

TELEGR. SALIG
 TEL. BOMSKI

WAGENINGSWEG 42
 DEN HAAG

VERVA. 7/12
 REF.

20 Mei 1977

Dr. J.H. Esterhuyse
 Direkteur van Argiewe
 Staatsargief
 Privaatsak X236
 PRETORIA
 0001

Geagte dr. Esterhuyse,

REISJOERNAAL VAN KAJE JESSE SLOTSBOO

Dit spyt my dat ek nou-eers reageer op u brief van 29.3.1977.

Omdat ek self nie kon gaan na die Ryksargief nie, het ek mnr. W.L. von Ranke Scholtz wat hier aan sy doktorproefskrif werk, genader. Hy het toe na die Ryksargief gegaan en met medewerking van die personeel daar, 'n poging aangewend om die joernaal te vind. Hulle kon egter niks vind nie.


Die voetnoot in Molsbergen waarna u verwys het, dui glo slegs op 'n instruksie aan Slotsboo. Dit word dus betwyfel of hy ooit 'n verslag geskrywe het.

Mnr. Scholtz en die personeel van die argief was gehelp het, beveel aan dat daar gekyk moet word in die Dagregister van die Kasteel. Daarin mag volgens hulle 'n aanduiding wees wat dan verder opgevolg kan word.

Dit spyt my dat ek dus nie aan u versoek kon voldoen nie.

Laat my asseblief maar weet as ek verder kan help.

Met vriendelike groete,


 RAAD (KULTUURANGELENTHED)

PROF. G.J. JORDAAN

BYLAE 3.2: KAJE JESSE SLOTSBOO (1668(?) – 1726) BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Kaje Jesse Slotsboo, boorling van die klein Middel-euse hawestad Haderslev (Denemarke), het waarskynlik in die laaste kwart van die sewentiende eeu as jong rekrut by die Duitse leer aangesluit en spoedig tot die rang van sersant in die regiment van die hertog van Württemberg gevorder.

Teen 1693 aanvaar hy 'n betrekking in diens van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, en vertrek kort daarna na Batavië waar hy drie jaar lank voortreflike diens as soldatebevelvoerder lewer. In 1697 keer hy terug na Holland, maar die volgende jaar vetrek hy andermaal na die Ooste, hierdie keer aan boord die Stad Keulen, toevallig dieselfde skip waarmee W.A. van der Stel en sy gesin na die Kaap afreis om die goewerneurskap by sy pa, die sestigjarige Simon van der Stel, oor te neem. Slotsboo het klaarblyklik 'n gunstige indruk op Van der Stel gemaak, want, hoewel hy (Slotsboo) as bevelvoerder na die Ooste op pad was, word hy in Januarie 1699 by sy aankoms in Tafelbaai as instrukteur van die Kaapse garnisoen aangestel.

As verantwoordelike en lojale amptenaar het hy meteoriese opgang aan die Kaap gemaak: Sy heel eerste bevordering was dié tot bevelvoerder van die goewerneurswag met die rang van sersant. Twee jaar na sy aankoms gee die besoekende kommissaris (Wouter Valckenier) 'n spesiale salarisverhoging aan die lojale offisier en in 1704 bevorder die goewerneur hom tot die rang van vaandrig met 'n koninklike soldy van 40 guldens per maand. Hierna sou 'n reeks bevorderings volg: In die dieselfde jaar word hy kommissaris van die Hof vir Kleiner Sake; in 1706 kommissaris vir Huweliksake; in 1707 opsigter oor die Kompanjie se houtbosse, en terselfdertyd opsiener van die Kompanjieslawe en amptelike landmeter van Kaap die Goeie Hoop.

By wyse van erkenning vir sy besondere bydrae, verkry hy as amptenaar in 1706 'n grondbrief vir tuinland naby die Kompanjie se steenbrandery. In 1708 word hy bevorder tot die rang van luitenant waarna 'n aansienlike salarisverhoging sou volg. Ondanks sy militêre en ander verpligtinge, verkry hy toesig oor die Kompanjie se steenoonde en boumateriaal, asook die opsig oor die messelaars en timmermans. Op die koop toe is hy verantwoordelik vir die lewensbelangrike "fortifikasie" van die Kaap. Sedert 1708 is hy lid van die Politieke Raad en van 1710 lid van die Raad van Justisie, asook

preses van die Huwelikshof. Na sy kommandoveldtog teen die Groot-Namakwas in 1712 word hy bevorder tot kaptein-luitenant en ses jaar later (1718) volg hy Maurits Pasques de Chavonnes op as bevelvoerder van die Kaapse garnisoen. Daarna is hy ook president van drie prestige-instansies: die Hof vir Kleinere Sake, die Burgerkrygsraad en die Weeskamer. Maar dit was veral in die Politieke Raad waar hy tot sy dood in 1726 'n toonaangewende rol speel in raadsbesluite, die uitvoering van opdragte en besluite, en leiding in die algemeen. Kort om, 'n leier van buitengewone formaat en gesiene inwoner van Kaap die Goeie Hoop.

BYLAE NO. 3.3:RESOLUSIE VAN DIE POLITIEKE RAAD, 11 OKTOBER 1712

Present den heer Gesaghebber en alle de leeden.

In Rade geproduceer en geleesen zijnde seeker briefje, door de knegt op de post van den oud opperchirurgijn Willem ten Damme aan de Piketbergen geleegeen, aan voornoemde sijn meester geschreeven, waar bij deselve bekend maakt dat de Grootte Namacquaas Hottentots, ten getalle van vier a vijff duysend, uijt het land afgekoomen en bereets tot aan de Oliphantsrivier genadert waren, en dat deselve al enige Bossiesmans Hottentots met hunne vrouwen en kinderen gemassacreert hadden, volgens getuijgenis van eenige vlugtelingen dier natie, met bedreigingh omme de Duijse aan die voornoemde Piketbergen en daar om heen geleegeen, van hun vee enzovoorts te berooven; waarom den burger Jacobus Overnej, ook al met sijn vee aan deese kant van gemelte gebergte getireert was, en de Hottentots daar omtrent gevlugt zijn; 't welk van de andere inwoonderen door schrik en vrees stond gevolgt, en alsoo haar wettigh besit verlaten te werden. Alle 't welke door een gelijk briefje, door de knegt van den landbouwer Matthijs van den Bergh, daar meede post hebbende, geschreeven, geconfirmeert werd.

Weshalven na rijp overleg van zaaken, en geconsidereert zijnde, dat de genoemde Grootte Namacquaas Hottentots natie de onse niet geneegen zijn, en waar meede men nogh nooit in eenigh onderlingh goed verstand heeft kunnen koomen, goedgevonden en beslooten is, omme tot securiteijt deeser goede ingeseetenen en voorkoomingh van verdere onheijlen, de meergenoemde Hottentots met een hondert gewapende mannen onder haare officiers en 't oppergesagh van den luytenant deeses Casteels Kaije Jesse Slotsboo, alle te paard, teegen te gaan. Ten welken eijnde den voornoemde luytenant met een behoorlijke instructie zal voorsien en in deselve geinsereert werden, dat bevindende, dat de menschen aan voornoemde Piketbergen, of daar om heen geleegeen, door deselve Hottentots eenige overlast gedaan, vee enzovoorts ontrooft ofte eenige feijtelijkheijd was aangedaan, en haar daar omtrent met hun geroofde buijt nogh onthoudende, ofte verneemende werwaarts vertrokken zijn, haar op te soeken en het bij hun hebbende geroofde tragten te ontnemen, daar toe soldaatschap gebruijkende, en vuur op deselve geevende, zoo 't noodigh zij, dewijl de wett en reeden meedebrengh, om geweld met geweld te moogen keeren en teegen te gaan.

Dogh is verstaan bij aldien deselve geen overlast noch geweld gepleegt en hebben, den voornoemde luytenant bij gemelte instructie te gelasten haar ofte eenige van hun volk in der minne sien te spreken, en eenigh verschil vindende, 't selve soeken te assopieeren, en ten besten doenlijk te bemiddelen, haar tot de te rug reijse te animeeren, en 's Compagnies vrindschap en protectie aan te bieden, voorts de capitains een presentje van tabacq en kralen ter hand stellende. Dogh eenige vindende die tot geen rust en vrede geneijgt, of daar toe te brengen mogten zijn, deselve sien te bemagtigen, en meede na herwaarts op te brengen, haar egter onderweegen wel tracteerende.

Zullende de boovengenoemde hondert man bestaan, booven en behalven den landdrost Johannes Mulder, die deese expeditie meede zal moeten bijwoonen, uijt 25 gemeene soldaten uijt dit guarnisoen, 25 burgers van 't Caabse, 25 van 't Stellenbosche, en gelijke 25 van 't Drakensteijnse district, ijder met een hoofd en daar toe vereijst werdende onderofficieren, tot welkers rendezvousplaats beraamt is, 't hujs van den Heemraad Francois du Toit, geleegeen aan Drakensteijn over de Bergrivier, teegens Saturdagh den 15 den deeser, omme op Sondagh daar aan, of ten langsten op Maandagh den 17 den in goede ordre en na kruijgsgebruijk langs de kortste wegh na voornoemde Pikenbergen, de mars aan te neemen.

En op dat deese expeditie ordentelijk en gereguleert magh toegaan en verrigt werden, zoo is dienstigh geoordeelt, dat den meergenoemde luytenant Slotsboo alle de manschap, zoo burgers als 's Compagnies dienaren, daar toe geordonneert en cheff zal commandeeren; des om eenige zaak van belangh te onderneemen, zal die alvoorens in Rade moeten overwoogen worden, die bestaan zal uijt de volgende persooen als

1. den luytenant Slotsboo, als preses, dewelke den Raad zal beleggen.
2. den landdrost Johannes Mulder.
3. de burgerhoofdofficier van de Caab.
4. de burgerhoofdofficier van Stellenbosch.
5. de burgherhoofdofficier van Drakensteijn.

Dogh zoo de officier van de Caab een vaandrigh, en die van Stellenbosch of Drakensteijn een luytenant mogt zijn, zoo zal de luytenant voor de vaandrigh, en alsoo de hoogste officier voor de lager, sonder aansien, van wat district zij koomen, sessie hebben; en des noodigh, meerder leeden, t zij uijt 's Compagnies dienaars of burgers moogen geassumeert werden.

Aldus gearresteert ende beslooten in 't Casteel de Goede Hoop, ten dage en jare voorzegt.

WM. Helot. O. Bergh. K.J. Slotsboo. J.B. Cruse. J.N.S. Swellengrebel. WM. v. Putten.

(C. 8, Resolusies van die Politieke Raad, 11 Oktober 1712, pp. 271-273.)

BYLAE NO. 3.4: INSTRUCTIËN–LUIJTENANT, 11 OKTOBER 1712

Instructie waar na den luitenant desen besettingh den Edele Kaje Jesse Slotsboo, als hoofd deser Expeditie, mitsgaders den landdrost Johannes Mulder, ende verdere officieren, soo van de Edele Compagnie als burgerij.

--- In den optogt, tegens de Groote-Namacquas Hottentots, haar zullen hebben te gedragen. ---

